## VRAAG 3: WATTER VORME VAN BURGERLIKE VERSET HET IN DIE VSA IN DIE 1960's ONTSTAAN?

### BRON 3A

Hierdie uittreksel kom uit die bekendste toespraak deur Martin Luther King, 'n Baptiste predikant, tydens die Washington opmars. Hy het belowe dat Afro-Amerikaners vir hulle regte sou veg totdat hulle nie meer onderdruk is nie. Hy het ook oor sy breër visie vir die toekoms gepraat.

Ek het 'n droom dat hierdie nasie eendag sal opstaan en die ware betekenis van sy geloof sal uitleef … dat alle mense gelyk geskape is. Ek het 'n droom dat die seuns van voormalige slawe en die seuns van voormalige slawe-eienaars eendag op die rooi heuwels van Georgia saam aan die tafel van broederskap sal kan aansit. Ek het 'n droom dat my vier klein kindertjies eendag in 'n nasie sal leef waar hulle nie op grond van die kleur van hul vel geoordeel sal word nie, maar op grond van hul karakter … [sodat, eendag] al God se kinders, swart en wit, Jood en nie-Jood, Protestant en Katoliek, hande sal vashou en die Negerliedjie 'Uiteindelik vry! Uiteindelik vry! Dankie almagtige Here, ons is uiteindelik vry!' sal kan sing.

Martin Luther King spreek meer as 200 000 mense by die Lincoln Memorial toe. Hier het hy sy bekende, 'Ek het 'n droom'-toespraak gelewer'.



**BRON 3B**

Hierdie is 'n uittreksel uit *The Enduring Vision: A History of the American People*, deur P Boyer et al., wat die begrip Swart Mag verduidelik.

> Die 'Swart Mag'-leuse is deur Afro-Amerikaners van byna elke oortuiging aanvaar. Rewolusionêres het dit gebruik om guerrilla-oorlogvoering te verkondig; liberale om hervorming te eis; konserwatiewes om eiehulp te eis. Vir baie wat dit aanvaar het, het dit bloot eietrots beteken. James Brown, sanger van soulmusiek, het gesing: 'Sê dit hardop – ek is swart en ek is trots', en 'n generasie Afro-Amerikaners het beaam: 'swart is pragtig'. Jong swartes het geweier om hulle velle te bleik, of hulle hare reguit te maak [om hulle meer soos blankes te laat lyk], en het dashikis (barette) gedra, Afro-haarstyle gedra, soulmusiek en soulkos geniet en swartstudieprogramme by kolleges gestig. Swart Mag was 'n daadwerklike poging van Afro-Amerikaners om hul eie kultuur te skep en hul eie lot te bepaal.

**BRON 3C**

Hierdie is uittreksels uit 'n toespraak deur Malcolm X in Detroit in 1964, 'n jaar voor sy sluipmoord (hy was 39), met die titel Die Stembrief of die Koeël ('The Ballot or the Bullet').

... Hierdie land is 'n huigelaar. Hulle gee voor dat hulle jou vry laat deur jou 'n tweedeklasburger te noem. Nee, jy is niks anders nie as 'n 20ste-eeuse slaaf ... So, waar gaan ons heen van hier af? Eerstens het ons vriende nodig. Ons het nuwe bondgenote nodig. Die hele burgerregtestryd het 'n nuwe, breër interpretasie nodig ...

... Wanneer die burgerregtestryd uitgebrei word tot op die vlak van menseregte, kan die saak van swartmense in hierdie land voor die nasies van die VN gelê word ... Jy kan Oom Sam (VSA) voor 'n wêreldhof daag … Burgerregte hou jou onder sy beperkinge en regsgebied … Burgerregte beteken dat jy vra dat Oom Sam jou regverdig moet behandel … Menseregte is jou Godgegewe regte.

… Brei die burgerregtestryd tot op die vlak van menseregte uit, neem dit na die Verenigde Nasies, waar ons Afrika-broers, ons Asiatiese broers en ons Latyns-Amerikaanse broers hulle by ons kan skaar ...

Die politieke filosofie van swart nasionalisme beteken dat die swart man die politiek en die politici in sy eie gemeenskap behoort te beheer; niks meer nie. Die swart man in die swart gemeenskap moet heropgevoed word oor die wetenskap van die politiek sodat hy sal weet wat die politiek weer aan hom kan bied … Ons wil nou vryheid hê, maar ons sal dit nie verkry deur te sê 'Ons sal die oorwinning behaal!' nie. Ons sal moet veg totdat ons die oorwinning behaal.

Hierdie is 'n foto van Malcolm X wat 'n buitelugbyeenkoms in New York toegespreek het.



**VRAAG 4: HOE HET STEVE BIKO DIE FILOSOFIE VAN SWART BEWUSTHEID IN DIE 1970's IN SUID-AFRIKA BEÏNVLOED?**

**BRON 4A**

Hierdie bron is 'n gedeelte uit 'n onderhoud wat Steve Biko met 'n Europese joernalis in die eerste helfte van 1970 gehad het. Dit is 'n uittreksel uit *I Write What I Like: A Selection of His Writings*, deur Steve Biko.

Toe ek êrens in 1966 universiteit toe gekom het [Durban Mediese Kollege, Universiteit van Natal], het ek en my vriende bewus geword van 'n anomalie (teenstrydigheid) in hierdie situasie, waar die blankes die hoofdeelnemers in ons onderdrukking was, en terselfdertyd die hoofdeelnemers in die opposisie teen daardie onderdrukking. Dit het dus beteken dat die swartes in hierdie land op geen stadium hulle gewig ingegooi het om die politieke mening te swaai nie. Die arena is geheel en al deur blankes beheer met dit wat ons in daardie tyd die 'totaliteit' van blanke mag genoem het.

Ons het dus geredeneer dat enige veranderinge wat moet plaasvind, slegs kan plaasvind as gevolg van 'n program wat deur swartmense uitgewerk is – en om swartmense in staat te stel om 'n program uit te werk, moes hulle eers die een hoofelement in politiek wat teen hulle gewerk het, naamlik 'n sielkundige gevoel van minderwaardigheid wat doelbewus deur die stelsel geskep is, oorwin. Net so moes ook die blankes die een probleem wat hulle gehad het, die probleem van 'meerderwaardigheid', oorwin, om hulle in staat te stel om na swartes te luister. Eerstens het ons as swart studente gesê dat ons nie deel kan hê aan veelrassige organisasies nie, wat eerder wit organisasies was as gevolg van die oorweldigende aantal wit studente aan universiteite in hierdie land.

In 1968 het ons dus begin om wat nou SASO – die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie – genoem word, te vorm. Hierdie organisasie is gebaseer op Swart Bewustheid, waarvan die kern was dat die swart man sy eie posisie sal verhef deur positief op daardie waardesisteme, wat hom 'n eiesoortige man in die gemeenskap maak, te fokus.

**BRON 4B**

Hierdie is 'n uittreksel uit *No. 46: Steve Biko,* deur Hilda Bernstein, waarin Donald Woods hulde bring aan Steve Biko.

| |
|---|
| My mees gewaardeerde vriend, Steve Biko, is in aanhouding dood. Ek hoef nie aan hom hulde te bring nie. Dit was nooit nodig nie. Hy was 'n spesiale en buitengewone mens wat reeds op die ouderdom van 30 'n hoë aansien onder duisende swart jeugdiges dwarsoor die lengte en breedte van Suid-Afrika gehad het. In die drie jaar wat ek hom leer ken het, was daar nooit by my die minste twyfel dat hierdie die belangrikste politieke leier in die hele land was nie … Wysheid, humorsin, deernis, begrip, intellektuele briljantheid, onselfsugtigheid, nederigheid, dapperheid – hy het al hierdie kwaliteite besit ... Die regering het duidelik nooit verstaan tot watter mate Steve Biko slegs vrede wou gehad het nie. Hy het 'n militante houding ingeneem wanneer hy sy beginsels verdedig het, ja, maar sy vaste doelwit was 'n vreedsame versoening van alle Suid-Afrikaners, en ek weet toevallig dat hy hierin 'n kalmerede invloed gehad het. |

Kopiereg voorbehou 

**BRON 4C**


Hierdie is 'n uittreksel uit 'A resource to inform us of our present and future' ('n Hulpbron om ons oor ons hede en toekoms in te lig) deur Nadine Gordimer in *Steve Biko 25 Years On.*

Êrens in een van my boeke wat gedurende die ergste jare van apartheidsregering geskryf is, sê 'n karakter: 'In 'n wêreld van soveel onheil en sameswering met onheil, is dit iets spesiaals om in 'n land te woon waar daar nog helde is.'

Ons land was so 'n land. Toe apartheid se rassistiese wreedheid op sy ergste was, was daar nog sulke helde. Steve Biko was een van daardie helde wie se toegewydheid aan vryheid, aan geregtigheid, en wie se dapperheid, wie se ontsettende lyding sekerlik 'n toonbeeld (demonstrasie) van die beproewinge van wrede onderdukking en weerstand daarteen was.

Dit is moeilik om nie met diepe spyt te spekuleer wat hy vandag in die verloop van die skepping van die nuwe Suid-Afrika sou beteken het nie; wat sy helder verstand en diepe kennis van die land en sy mense se ware behoeftes, tot ons ontwikkeling sou begedra het.

Hierdie is 'n foto van Steve Biko, die stigter van die Swart Bewustheid.



## ERKENNINGS

Visuale bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende boeke geneem:

Baker, C 1990 *Russia 1917-1945* (Heinemann Educational)
Bartels, J et al. 2006 *Shuters History* (Shuter & Shooters Publishers)
Bernstein, H 1976 *No. 46 – Steve Biko*
Bottaro, J et al. 2006 *Oxford in Search of History Grade 11* (Oxford University Press)
Brooman, J 1992 *The Age of Excess* (New York; Longman)
Brooman, J 2005 *The Cold War – Superpower Relations 1945 – 1989* (Longman)
Brazier, C Racism: Shouldering Our Responsibilities (*New Internationalist Magazine*, March 1985)
Clark, JF 2002 *The African States of the Congo War* (Palgrave)
Culpin, C 2000 *South Africa since 1948* (John Murray Publishers)
Downey, T et al. 2000 *Russia and the USSR 1905 – 1995* (Oxford; Oxford University Pres)
Fiehn,T 2005 *Russia and the USSR 1905 – 1941* ( London; John Murray )
Govender, SP et al. 2006 *New Generation History Grade 12* (New Generation Publishing Enterprises)
Graves, F et al. 2006 *Moments in History* (Juta Gariep)
Kelly, N 1996 *Russia and USSR 1905 – 1956* (Oxford; Heinemann)
Kelly, N et al. 1996 *The Modern World* (Oxford; Heinemann)
Lane, P 1978 *The USA in the Twentieth Century* (London; Batsford) Leadership vol. 10
Meredith, M 2005 *State of Africa: History of Fifty Years of Independence* (London; J Ball)
Nugent, P 2004 *Africa Since Independence* (Palgrave)
O' Callaghan, DB 1974 *From Roosevelt and the United States* (London; Longman)
Roberts, M 2001 *South Africa 1948 – 1994* (China; Longman)
Robertson, J 1986 *Russia in Revolution* (Oxford; Oxford University Press)
Smith, N 2000 *The USA 1917 – 1980*(Oxford; Oxford University Press)
Taylor, D 2002 *The Cold War* (Heinemann)
Waugh, S 2001 *Essential Modern World History* (Canale)
Woods, D 2001 *Nelson Mandela The Illustrated Long Walk to Freedom* (Little Brown)
York, B 1983 *The Soviet Union* (Harrap)

Kopiereg voorbehou